

# PULA IMVULA

>> GROWING FOOD >> GROWING PEOPLE >> GROWING PROSPERITY >>



MAART  
2017

## Dink uit die boks, dink AGRITOERISME



Toerisme is een van die vinnigste groeiende besighede in Suid-Afrika.

**J**y mag die vraag vra: Hoekom 'n artikel oor toerisme in die landbou? Om te motiveer – oor die korter termyn het die onlangse droogte weer eens beklemtoon dat droogtes deel is van die Suid-Afrikaanse omgewing en 'n risiko is wat bestuur moet word om ten minste die impak van droogtes te versag.

In die tweede plek word die uitdagings van landbou in Suid-Afrika meer en meer. Ons boere ervaar deurentyd uitdagings ten opsigte van hul boerderye. Ons ervaar politieke onsekerheid, bemarkingsuitdagings en is in 'n kosteknyptang, om maar 'n paar uitdagings te noem. Dus, in die sakewêreld van vandag, veral die landbou, is

die besigheidsomgewing steeds veranderend en maak oorlewing baie moeilik.

In vorige artikels het ons die aspek om jou besigheid te diversifieer om hierdie uitdagings aan te spreek, beklemtoon. Doen onderzoek daarna om jou besigheid te diversifieer in 'n paar ondernemings, met die doel om jou inkomste te verhoog en risiko's te bestuur. Die voordele van diversifisering – verbeterde kontantvloei, verspreiding van risiko's, toenemende wins – is meer as die nadele. As jy nie oorweeg om jou besigheid te diversifieer nie, sal jy sukkel om te oorleef as 'n boer in Suid-Afrika. Om agritourisme aktiwiteite op jou plaas te vestig, is 'n alternatief vir die gewone manier van diversifisering.

Graan SA tydskrif vir  
ontwikkelende boere

Lees Binne:

04 | Die gebruik van hitte-eenhede en reënval rekords om oesopbrengs potensiaal te bepaal

08 | Wat is my verantwoordelikheid in terme van die voorkoming van brande op my plaas?

11 | Spanwerk: Verdeel die taak, vermenigvuldig die sukses



03



10

06





## OUMA JANE SE...

**B**oerdery is elke jaar dieselfde en tog is boerdery elke jaar heeltemal verskillend. Verlede jaar hierdie tyd was ons in die greep van die ergste droogte in menseheugenis en die prys van somergrane besig om te styg. Vanjaar het ons goeie reëns ervaar en die gewasse is baie belowend – nou val die prys.

Wanneer ons boere vra ‘wil jy ‘n swak oes teen ‘n hoë prys hê, of ‘n goeie oes teen ‘n laer prys’, kies boere altyd die laasgenoemde. Ten minste word jy beloon vir jou moeite en jy het bedingsmag. Jou geloof in jouself en jou vermoëns as ‘n boer word ook herstel. Ja, die uitdaging vanjaar is om tot jou beste voordeel te bemark.

Die meeste van die boere wat deel is van die Jobs Fund-projek, verwag ook ‘n baie goeie oes – vir baie boere is die bereiking van ‘n goeie kommersiële opbrengs ‘n begin vir hulle. Die bereiking van die beste moontlike opbrengs met die natuurlike hulpbronne tot jou besikking, is ons maatstaf vir sukses.

Ons kan nie ‘n invloed hê op die grootte van die grond wat aan elke boer beskikbaar is nie, maar met goeie opleiding en mentorskap, asook toegang tot goeie insette, kan selfs die kleinste boere goeie opbrengste behaal. Dit verseker voedselsekuriteit aan huishoudings en dra ook by tot die nasionale kosmandjie. Ons moet almal die bietjie doen wat ons kan en die somtotaal sal groot vir ons land wees.

Om te gee is een van die groot voorregte in die lewe – om in staat te wees om te gee van wat jy het. Gedurende ‘n jaar van surplus het ons almal die geleenthed om te gee aan diegene wat minder bevoorreg is. Daar is so baie mense in ons land wat nie genoeg het nie – jy is in staat om hulle makliker te help as verlede jaar.

Kyk gerus rond en raak bewus van die bejaardes en die kinders wat dalk afhanglik van jou vrygewigheid vir hul oorlewing kan wees. Baie is gegee aan graanboere vanjaar en baie sal van ons verwag word – ons is in staat om ons land te voed. Wat ‘n Seën!

## Dink uit die boks, dink agritoerisme

Normaalweg behels diversifisering ‘n kombinasie van boerderyondernemings wat nie onderhewig is aan dieselfde risiko’s nie. Byvoorbeeld, diversifisering van gewasse met verskillende groeiperiodes en wat nie ewe vatbaar vir droogte is nie. Die byvoeging van ‘n lewendehawe onderneming sal ‘n groot invloed op die verlaging van risiko hê. Hoe meer divers ‘n onderneming is en agritoerisme is juis dit, hoe meer risiko’s word teengewerk.

Die nuutste verslae duï daarop dat boere wat die moeilike sakeomgewing oorleef, die mense is wat buite die boks dink. Hulle het almal besef dat hulle nodig het om iets anders te doen vir die oorlewing van hul boerderye. Die een aspek wat na vore gekom het, is landboutoerisme. Hoekom?

Die behoeftes van toeriste, plaaslik of internasionaal, verander soos deur navorsing bewys. Toeriste wil iets anders doen, hulle is op soek na “ander” ervaarings buite die stedelike omgewing. Toeriste wil dikwels ook plaaslik vervaardigde artikels en goedere koop. Verbruikers het ook baie meer bewus geword van die feit dat voedsel eko-vriendelik en volgens goeie landboupraktekte geproduseer moet word en hulle wil dit ervaar. Dus, die behoeft om plase te besoek en vir hulself te sien, is aan die toeneem. Benutting van agritoerisme geleenthede kan boere help om meer inkomste te genereer en kan ‘n reddingsboei wees vir diegene wat sukkel om hul boerderye winsgewend te hou.

Boere dink dikwels dat hulle nie die kapasiteit en hulpbronne (geld, eiendom, personeel of aktiwiteite) het om hul plase oop te maak vir besoekers nie. Jy hoof egter nie ‘n vyfster hotel of kompleks aktiwiteite te hê om toeriste te lok nie, veral die jonger generasie. Konsentreer op buitengewone en vriendelike dienslewing en sien toe dat alles wat jy doen, van ‘n hoë standaard is.

Boere wat nie oor die nodige fondse beskik om te belê in agritoerisme nie, kan klein begin. Jy kan byvoorbeeld begin met ‘n een slaapkamer bed-en-ontbyt faciliteit en/of ‘n klein restaurant wat plaaslike tradisionele voedsel bedien en/of ‘n klein winkeltjie wat plaaslike en selfgemaakte artikels verkoop. As jy ‘n paar buitemурse aktiwiteite kan byvoeg – fietsry roetes, perderitte, uitstappies op ‘n donkiekar, ossewa, trekker en sleepwa, of ‘n geleenthed om vis te vang – kan jy op

“Boere wat nie oor die nodige fondse beskik om te belê in agritoerisme nie, kan klein begin.”

jou pad wees om ‘n konstante bykomende inkomste te verseker. Onthou, toeriste sal ook geïnteresseerd wees daarin om jou boerdery praktekte te ervaar – hoe jy jou mielies, of ander gewasse plant, hoe jy wol produseer, braaiuikens, varke, of wat ook al. Wys hulle wat jy doen op jou plaas en laat hulle dit ervaar met ‘n paar aktiwiteite. Onthou baie stedelike mense van vandag, veral kinders, het nog nooit ‘n koei gesien nie, wat nog te sê aan een gevate, of melk direk vanaf ‘n speen gedrink nie.

Natuurlik, net soos die res van jou besigheid, sal hierdie agritoerisme onderneming ook behoorlik bestuur moet word deur goeie beplanning, organisasie, implementering en beheer van al die bestuursareas. Die een bestuursarea wat baie aandag benodig, is bemarking. Maar ook hier kan beginners gebruik maak van sosiale media teen baie lae koste.

Bystand en opleiding is beskikbaar deur middel van ‘n aantal nie-regeringsorganisasies en die *South African Tourism Services Association (SATSA)*. Die Vereniging vir Agritoerisme in Suid-Afrika (AASA) is meer spesifiek beskikbaar om te help veral met bemarking van agritoerisme geleenthede. Kontak hierdie organisasies vir hulp en onthou toerisme is een van die vinnigste groeiende besighede in Suid-Afrika.

Ten slotte: Die kernboodskap van hierdie artikel is dat indien jy wil hê jou boerdery moet oorleef, sal jy heeltemal anders oor jou besigheid moet dink. Om agritoerisme in jou besigheid in te sluit, is maar een voorbeeld om anders te dink.

# Swamme en hul mikotoksiene wat belangrik is vir landbou

**D**it is die eerste van 'n reeks kort artikels wat handel oor die belangrikheid van mikotoksiene in landbou en hoe dit mens en diergesondheid beïnvloed.

Om mee te begin, weet ons dat swamme mikro-organismes is wat voorkom in die hele natuur: In die grond en in die water, die lug en op plante. Ons kan swamme identifiseer as die poeieragtige of wollerie vorms wat ons dikwels sien groei op ou brood, kaas en vrot vrugte. Sommige swamme is bekend daarvoor dat hulle plantsiektes veroorsaak en is dus belangrik in die landbou as gevolg van gepaardgaande ekonomiese verliese.

As 'n verdere verduideliking, is mikotoksiene giftige chemiese verbindings wat geproduceer word deur sekere swamme onder natuurlike omstandighede. Die funksie van hierdie mikotoksiene en die rede vir hul produksie bly grootliks onduidelik, aangesien dit blyk asof hulle min of geen rol te speel het by die normale groei van swamme nie. Daar is baie sulke samestellings, maar slegs 'n paar word gereeld in voedsel en voer soos graan, ander sade en neute gevind.

Wanneer hierdie mikotoksiene se vlakke hoog genoeg in ons kos teenwoordig is, hou hulle 'n beduidende gesondheidsrisiko vir mens en dier in. Omdat hulle deur swamme geproduceer word, word mikotoksiene gewoonlik geassosieer met gewasse en voedselprodukte wat gemuf het. Mikotoksiene kan voedselkommoditeite besmet gedurende periodes voor en na oes, tydens berging of tydens voedselverwerking.

Tabel 1: Opsomming van vyf belangrike mikotoksiene.

Mikotoksien	Belangrikste swamproduserende spesies*	Relevante landbou kommoditeite	Tipe swaminfeksie
Aflatoksien (AFLA)	<i>Aspergillus flavus</i> , <i>Aspergillus parasiticus</i>	Grondbone Mielies Koring Sorghum Neute Rys Cassava Vye Oliesade Melk, melk produkte	Voor- en na oes
Ochratoksien A (OTA)	<i>Aspergillus ochraceus</i> , <i>Aspergillus carbonarius</i> , <i>Penicillium verrucosum</i>	Koring Gars Hawer Rog Mielies Droëbone Koffiebone Druwe Varkvleis Neute Kakao Melk	Hoofsaaklik na oes
Deoxynivalenol (DON – "vomitoxin")	<i>Fusarium graminearum</i> , <i>Fusarium culmorum</i>	Mielies Koring Rog Gars Sorghum	Voor oes
Zearalenone (ZEA)	<i>Fusarium graminearum</i> , <i>Fusarium culmorum</i>	Mielies Koring Gars Rys	Voor oes
Fumonisin (FB)	<i>Fusarium verticillioides</i> , <i>Fusarium proliferatum</i>	Mielies Sorghum	Voor oes

\* 'n Swampsie is 'n spesifieke groep swamme wat amper identies aan mekaar is en natuurlik kan voortplant of hulle genetiese kenmerke met mekaar deel.

As gevolg van die hitte en chemiese stabilitet van die meeste mikotoksiene, kan hulle net gedeeltelik verwijder word deur voedselverwerking en/of dekontaminasieprosedures. Inligting oor mikotoksiene wat deur voedsel oorgedra word, is ver van afgehandel, maar genoeg is bekend om hulle as ernstige probleme in baie dele van die wêreld te identifiseer.

Mikotoksiene besmetting van gewasse kan voorkom as gevolg van ongunstige klimaats-toestande en ook onvoldoende landbouprakteke. Hoë humiditeit (> 85%), hoë temperature (> 25°C), insekte en knaagdiere skade, onbehoorlike droog van gewasse en waterskade in stoornstrukture is maar 'n paar van die kwessies wat swamme en mikotoksiene ontwikkeling kan verhoog.





# Die gebruik van HITTE-EENHEDEN en REËNVAL REKORDS om oesopbrengs potensiaal te bepaal

Vorige Pula Imvula artikels het die hulp van reënval rekords, reënvalpatrone en grondbewaring vog om die potensiaal, volhoubaarheid en ekonomiese lewensvatbaarheid van gewasse in jou boerdery omgewing te evalueer, gedek.

Nog 'n instrument wat gebruik kan word om die opbrengspotensiaal van gewasse op jou plaas te maksimeer, is die oorweging van die hitte-eenhede wat nodig is om graangewasse te produseer, tesame met jou langtermyn reënval wat ontvang is en ook die inagneming van die gronddiepte en vrugbaarheid van bepaalde lande.

Die baie hoë temperature en baie droë tydperke gedurende die somer wat verlede seisoen ervaar is, is nou aangeteken as een van die warmste jare op rekord in Suid-Afrika. 'n Temperatuur van 44,7°C is in Kaapstad ondervind gedurende Januarie 2016. Vir 'n boer is die keuse van die korrekte kultivars van sonneblom, mielies, sojabone, droëbone en ander gewasse van kritiese belang.

Een van die belangrikste faktore wat die produksie van gewaspotensiaal beïnvloed en op sy beurt die werklike produksie, sal die

hitte-eenhede wees wat ervaar is gedurende 'n bepaalde seisoen. Die opbrengste wat ge-realiseer is met sonneblom wat geplant is tussen die 15de en 20ste Januarie 2016 in die Oos-Vrystaat, het gewissel van 1 ton tot 1,6 ton met laat seisoen kultivars. Hierdie opbrengste was uitsonderlik onder die omstandighede met die vinnige daling van hitte-eenhede gedurende die produksie tydperk van Januarie tot Mei. Die sonneblomoes het boere gered van 'n totale verlies aan gewasproduksie in daardie seisoen.

## Wat is ligdag eenhede of hitte-eenhede?

Wetenskaplikes, tuinboukundiges, tuiniers en boere het ontdek dat daar 'n sterk korrelasie tussen die meting van die hitte opbou wat afgelei is van die maksimum en minimum temperatuur ondervind word deur beide plante, diere en insekte en hul ontwikkeling gedurende 'n groei-seisoen of groefase. Dit is 'n faktor wat maklik gemeet en gebruik kan word om te voorspel wanneer 'n blom begin bloei, 'n insek uit dormansie kom of die verskillende stadiume wat 'n gewas sal bereik vanaf plant tot volwassenheid.

Die gewas se hitte-eenhede word bereken met behulp van die daagliks maksimum en minimum temperatuur, minus 'n basis temperatuur vir elke dag en opgehoop van aanplant tot die oesdatum. Die basis temperatuur is verskillend vir elke gewas. Die basis temperatuur van mielies is 10°C. Die formule wat gebruik word om die daagliks hitte-eenhede te bereken is die (maksimum temperatuur (°C) plus die minimum temperatuur (°C), gedeel deur 2, minus die basis temperatuur (°C)). Hierdie daagliks hoeveelhede word aangeteken en tel kumulatief op om die opgehoopte hitte-eenhede gedurende die groei-seisoen te toon. As dit konsekwent gedoen word vir die temperature wat op jou plaas ondervind word, sal die teikens soos uiteengesit vir die verskillende kultivars gemonitor kan word.

Byvoorbeeld, gegewe 'n maksimum temperatuur van 28 (°C) en 'n minimum van 15 (°C), sal die hitte-eenhed berekening vir daardie dag vir mielies wees  $(28 + 15) / 2 - 10$  gelyk aan 16,5 hitte-eenhede vir die dag. Koue nagte kan regtig die ontwikkeling vertraag van dae tot die 50% saadvormingsdatum. Die vereiste hitte-eenhed is 'n goeie riglyn, maar al die agronomiese faktore, tesame met die heersende omgewingstoestande, sal die werklike oes maatstawwe bepaal indien jy jou reënval en temperature daagliks kan meet. Die weerburo stasie naby jou kan die maksimum en minimum temperatuur in jou area voorsien.

'n Tabel van temperature vir Pretoria word in **Tabel 1** aangedui as 'n voorbeeld. Dit kan gebruik word vir die boere in die gebied om die hitte-eenhede te bereken en te identifiseer watter die korrekte kultivars is om te plant.

## Kultivar keuse

Planttellers monitor hierdie verhouding en kan verskeie kultivars mielies, sorghum, sojabone, sorghum, kanola en droëbone kalibreer en in werklikheid alle gewasse en plante, om te bepaal hoeveel hitte opbou, is nodig om sekere gekalibreerde groei-stadiums te bereik. Die studie lei tot riglyne vir boere in die keuse van die korrekte kultivars wat geskik is vir die presiese omstandighede wat op jou plaas ervaar word en ander mikroklimaat temperature wat op groot plose gevind word.

Maatskappye wat kultivars kies en ontwikkel gee baie detail aan, soos byvoorbeeld in saad brosjures. Hulle gee 'n aanduiding vir elke

Tabel 1: 'n Tabel van temperature vir Pretoria.

Beskrywing maand	Gemiddelde maks temp (°C)	Gemiddelde min temp (°C)	Gemiddelde reën dae	Gemiddelde sneeu dae
Januarie	29	17	6	0
Februarie	29	17	6	0
Maart	28	16	4	0
April	25	12	3	0
Mei	22	7	1	0
Junie	21	3	0	0
Julie	20	3	0	0
Augustus	23	7	0	0
September	27	11	2	0
Oktober	28	14	4	0
November	28	15	7	0
Desember	28	16	4	0

gewas en belangrikste plantstreek ten opsigte van die hitte-eenhede en dae wat nodig is vir 'n gewas om tot by 50% blom van die plantdatum en dae tot fisiologiese ryheid te kom.

Byvoorbeeld, die volgende kultivar eienskappe of agronomiese parameters hieronder vir mielies in die Wes-streek vir droëland kultivars sal die hitte-eenhede aandui wat nodig is om die 50% saadvormingstadium te bereik vir Ultra Vroeë aangeplante mielies tussen 685 en 690; Vroeë 710 - 720; Medium Vroeë 725; en Medium 730 - 735. Die mieliekultivars word ontwikkel om in staat te wees om te groei tot hul volle genetiese potensiaal binne die bogenoemde hitte-eenhed variasie getoon. Werk uit wat is die maksimum hitte-eenhede wat op jou plaas beskikbaar is.

Die inligting vir sonneblom kan dae 75 dae toon tot 50% blom, dae tot fisiologiese volwassenheid as 130 en dae tot oes as 150 - 155. 'n Mens kan nie 'n lang seisoen kultivar plant met 'n hoë hitte-eenhed vereiste wat geplant behoort te word vroeg gedurende Januarie nie.

Raadpleeg jou saadverskaffer sodat jy in staat kan wees om die regte kultivars te koop vir die toestande op jou plaas. Jy kan dan vermy om 'n hoë-opbrengs kultivar te plant wat aantreklik lyk, maar meer hitte-eenhede tot fisiologiese volwassenheid benodig as wat beskikbaar is gedurende 'n normale seisoen in jou boerderygebied, of die aanplant van 'n laatseisoen kultivar te vroeg.

Die kennis van hitte-eenhede wat vereis word en jou reënval omvang en tydsberekening kan gebruik word om die ideale plantdatums vir die gekose kultivars te optimaliseer.

Die blomtydperk moet saamval met jou mees waarskynlike tydperk vir voldoende reënval om die beste kans vir maksimum graanproduksie te verseker. Hou die risiko in gedagte dat vroeë ryp enige laat aanplantings kan vernietig.

### Gevolgtrekking


Beplan vroeg sodat jy vroeë, medium en laat kultivars mielies en sonneblom, of ander gewasse in jou stoor kan hé en kan aanpas by die gegewe reën en planttoestande vir die huidige seisoen met inagneming van die hitte-eenhede wat heers op jou plaas.

**Artikel verskaf deur 'n afgetrede boer.**

## Swamme en hul mikotoksiene wat belangrik is vir landbou



2



3

**Die "Groot Vyf" mikotoksiene**  
Die vyf mikotoksiene wat beskou word as die mees belangrik in plaaslike en internasionale landbou, mens en diergesondheid is: Aflatoksien (AFLA) geproduseer deur *Aspergillus* spesies, ochratoksien A (OTA) geproduseer deur *Aspergillus* en *Penicillium* spesies, deoxynivalenol (DON), zearalenon (ZEA) en fumonisinen (FB) geproduseer deur *Fusarium* spesies (sien Tabel 1).

### Die impak van mikotoksiene op boere

Sommige invloede is reeds genoem, maar kan kortliksoos volg opgesom word:

- Ekonomiese impak – opbrengsverlies, laer oeswaarde, verlies in huishoudelike inkomste, 'n negatiewe invloed op die gesondheid van vee.

Foto 1: Goeie "gesonde" mielies.

Foto 2: Mielies wat besmet is met *Fusarium verticillioides* (swam).

Foto 3: Swamskade op mieliepitte.

- Impak op die mens – langtermyn- en korttermynsiektes en gesondheidstoestande, voedseltekorte en hongersnood.

### Gevolgtrekking

Swamme en mikotoksiene is deel van die natuur en kan nooit heeltemal uitgeroei word nie. Boere moet egter kennis neem van hierdie kwessies en hul landbougewasse en praktyke volgens die jongste beskikbare kennis beplan om veilige en gesonde oeste te verseker.

In die volgende uitgawe sal ons hierdie onderwerp in meer detail ondersoek deur te fokus op mikotoksiene wat relevant is vir die Suid-Afrikaanse mieliebedryf, vrae te antwoord soos wat is veilige vlakke van mikotoksiene in mielies (kommersiële mielie versus landelike bestaansmielies).

**Artikel verskaf deur HM Burger en PRheeder van die Institut van Biomediese en Mikrobiële Biotegnologie (IBMB), Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie (CPUT).**  
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na Burgerh@cup.ac.za. of RheeederJP@cup.ac.za



Die SAB silo's op Caledon.

# SAB en AB InBev samesmelting

**S**oos die meeste boere sou gehoor het, het die twee grootste brouers, naamlik SAB Miller en Anheuser-Busch InBev (AB InBev) amptelik saamgesmelt in Oktober 2016.

Deur die SAB Miller en AB InBev samesmelting,ervaar die maatskappy 'n opwindende oorgangstydperk en het die volle ondersteuning van die Suid-Afrikaanse regering om gesamentlik te belê in die ontwikkeling van die landbousektor.

Groei en ontwikkeling moet spesifiek plaasvind in terme van droëland en besproeiingshektare, asook regdeur die verskaffingsketting. AB InBev het ten doel om dit reg te kry met 'n R610 miljoen belegging wat daarop gemik is om:

- 'n Totaal van 800 Nuwe Era-boere en 20 kommersiële boere te vestig.

- Suid-Afrika moet 'n netto uitvoerder van gemaute gars en mielies teen 2021 wees;
- Verhoogde garsproduksie van 300 000 ton tot 475 000 ton.
- Vanaf die invoer van mielies na die uitvoer van 100 000 ton/jaar (hoofsaaklik gefokus op Nuwe Era-boere).
- Skep 2800 nuwe werksgeleenthede in die landbou voorsieningsketting.

Besonderhede van dit wat aan die graanbedryf toegedeel is in terme van belegging in infrastruktuur, beleggingsgebiede, ensovoorts, berus by 'n uitvoeringsraad, bestaande uit die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye, die Departement van Handel en Nywerheid; die Departement van Ekonomiese en Bedryfsontwikkeling en AB InBev en sal op die regte tyd gekommunikeer word. Tot tyd en wyl

is dit besigheid soos gewoonlik vir gars en mie lieproduksente in Suid-Afrika.

Waarvan produsente moet kennis neem met betrekking tot die kontrak proses, is die oproep van voorneme (wat jy van plan is om te plant). Die sperdatums vir reaksie is as volg:

- Eerste oproep: Middel Desember 2016.
- Tweede oproep: Einde Januarie 2017.
- Finale oproep vir kontrakte: Julie 2017.

**Artikel verskaaf deur Liana Stroebel,  
Provinciale Koördineerdeur, (Wes-Kaap),  
van die Graan SA Boereontwikkelingsprogram.  
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na  
[liana@grainsa.co.za](mailto:liana@grainsa.co.za)**

## Pula Imvula se Aanhaling van die Maand

*Success is the result of perfection, hard work, learning from failure, loyalty, and persistence.*

~ Colin Powell

# Suid-Afrikaanse koringmark oorsig vir die 2016/2017 seisoen

**D**ie vorige seisoen was nogal 'n moeilike een in die koringmark. Die 2015/2016 bemarkingseisoen was bekend as uiters droog in die grootste dele van die land en ook in die koringproduseerende gebiede.

Produksie vir die 2016/2017 seisoen in terme van koring lyk baie gunstig en goeie opbrengste is aangemeld. Alhoewel 2016 nie baie goeie reënval in sommige dele van die graanproduksie gebiede gehad het nie, het die reën wat wel gekom het, beslis op die regte tyd gekom.

Nader aan die einde van 2016, tydens oestyd, het die Wes-Kaap (WK) boere opbrengste gelewer wat beskou word as die beste oes in baie jare en dit was as gevolg van 'n kombinasie van die regte tydsberekening van die weer en goeie boerdery praktyke. Die verwagte produksie in die Wes-Kaap het met 10% toegenem tot 1,066 miljoen ton, vanaf 969 000 ton in die vorige seisoen.

In Desember 2016 het die nasionale Oesskattingskomitee die jongste oesskattingsverslag vrygestel, wat 'n opswaai in die komende seisoen aandui. Die voorspelling vir 'n groter oes kan toegeskryf word aan 'n toename in die oppervlakte aangeplant en die weerstoestande wat verbeter het in die

Wes-Kaap. Die beraamde produksie van gewasse vir die 2016/2017 produksieseisoen is hersien na 1,876 miljoen ton, wat 6% hoër is as die vorige beraamde voorspelling van 1,766 miljoen ton. Die Vraag en Aanbod ramming gee 'n aanduiding van wat die toekoms inhoud vir die 2016/2017 seisoen in die Suid-Afrikaanse koringmark.

## Koring vraag en aanbod

In die vorige seisoen, aangeteken as die 2015/2016 bemarkingseisoen, was Suid-Afrikaanse invoere op 'n rekord hoogtepunt van 2,067 miljoen ton. Die oplewing in invoere was te wyte aan onsekerheid oor die koringtarief en watter rigting dit kan neem en as gevolg daarvan het die mark oorgebly met groot eindvoorraad wat 832 000 ton beloop en vervolgens gelei het tot groot koringvoorraad van 144 000 ton bo dit wat benodig word.

Dit is dus geen verrassing dat hierdie huidige bemarkingseisoen se aanbod kant met hoë openingsvoorraad sal begin nie, wat 39% hoër is as die vorige seisoen. Plaaslike vraag is effens verminder met 0,15%, wat hoofsaaklik beïnvloed is deur vermindering in invoer.

Huidige verwagte invoer is 1,4 miljoen ton met eindvoorraad van 682 000 ton. As gevolg van 'n goeie oes laat verlede jaar, tesame met

*Die huidige koringmark vooruitsigte skets 'n goeie beeld in vergelyking met die vorige seisoen, met 'n verhoogde uitvoer vraag en algehele goeie oes, 2017 het 'n goeie begin!*

“

hoe eindvoorraad, het ons 'n vermindering van koring invoer gesien. Tot dusver het die land 81 376 ton koring ingevoer, wat 86% jaar-tot-datum minder is en slegs 5% van die totale vereiste invoer van 1,4 miljoen ton uitmaak.

Die huidige koringmark vooruitsigte skets 'n goeie beeld in vergelyking met die vorige seisoen, met 'n verhoogde uitvoer vraag en algehele goeie oes, 2017 het 'n goeie begin! ●

**Artikel verskaf deur Michelle Mokone,  
Landbou Ekonoom: Graan SA.  
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos  
na [Michelle@grainsa.co.za](mailto:Michelle@grainsa.co.za).**



# Wat is my verantwoordelikheid in terme van die voorkoming van brande op my plaas?

**D**ie Nasionale Veld-en Bosbrand Wet 101 van 1998 skryf die volgende statutêre grondeienaar vereistes voor:

## Verantwoordelikhede van mense in beheer van grond

Alle eienaars op wie se grond 'n brand kan ontstaan of brand, of van wie se grond dit kan versprei, moet:

- Brandstroke aan hul kant van die grens voorberei. Eienaars van aangrensende grond kan instem om 'n gemeenskaplike brandstrook weg van die grens te posisioneer. Bespreek voorbrande met bure en beplan saam – dit behoort op die regte plek te wees, koste-effektief en prakties om te implementeer. Dokumenteer die voorbrande soos oorengekom.

## Vuurvoorkoming deur voorbrande

- Dit moet wyd en lank genoeg wees om 'n redelike kans te hê op die voorkoming van 'n brand wat **versprei na of van naburige grond**;
- Dit veroorsaak nie gronderosie nie;
- Dit is redelik vry van vlambare materiaal wat 'n vuur daaroor kan dra; en
- Dit word in stand gehou.

Sommige natuurlike (of mensgemaakte) veldtoestande, byvoorbeeld onlangs gebrande veld (jonger as vier jaar), 'n natuurlike vlei, 'n dam of rivier, ou landerye en vloedvlaktes kan beskou word as 'n natuurlike brandstrook.

Die breedte van brandstroke hang af van waar dit gedoen moet word:

**“**Jy moet die nodige toerusting, beskermende klere en opgeleide personeel vir die blus van brande hê, soos voorgeskryf in die regulasies.



Wegholbrande beweeg baie vinnig oor landskappe en verwoes eiendom, lewensbestaan, biodiversiteit en somtyds selfs lewens.

- Brandbane in oesreste/braakland – ten minste 2,5 m breed.
- Fynbos/natuurlike veld op landbougrond – 2,5 m x die hoogte van die plantegroei (minimum van 5 m).
- Kante van 'n pad (provinsiale en distrikspaaie) – 3 m aan weerskante wat jaarliks gehandhaaf moet word.
- Werkersbehuising, plaas infrastruktuur en plaasopstalle – 10 m.
- Aangrensende natuurlike veld – 20 m, afhangende van die aangrensende grondtipe soos beskermde gebiede, formele bosbouplantasies, ensovoorts.

Kontroleer asseblief met jou plaaslike munisipaliteit of brandweer om die reëls en regulasies vir jou area te bevestig.

Jy moet die **nodige toerusting, beskermende klere en opgeleide personeel** vir die blus van brande hê, soos voorgeskryf in die regulasies. Indien 'n vuur uitbreek, moet jy alle redelike stappe neem om die bure te **waarsku** en die toepaslike brandweer, brandbeskermingsbeampte van die plaaslike Brandbeskermingsvereniging (BBV), indien daar een is, te verwittig. Doen alles in jou vermoë om die verspreiding van die vuur te beveilig. Indien die eienaar van die grond weg is, moet hy of sy 'n verantwoordelike persoon op die grond, of in die omgewing van sy of haar land hê, om die nodige voorsorgmaatreëls te tref as 'n brand mag voorkom, of help om dit te doen.

Jy kan egter nie altyd vure op jou eie effektiel voorkom, bestuur en beveg nie. Jy kan dalk oorweeg om 'n lid van die plaaslike Brandbeskermingsvereniging(BBV) te word. BBV help grondgebruikers om wegholbrande te voorspel, te voorkom, te bestuur en te blus. Wegholbrande beweeg baie vinnig deur landskappe en vernietig eiendom, lewensbestaan, biodiversiteit en soms selfs lewens.

Jou plaaslike BBV kan grondeienaars help om te voldoen aan hul wetlike vereistes, opleiding aan die eienaars en hul personeel bied en hulle lei met bestuursbeplanning van vure en help ook met die voorbereiding van brandstroke. Hulle sal jou help om wettig te voldoen aan vereistes soos per nasionale regulasies. Opleiding word aangebied aan lede in brand-

**“Brandstroke aan hul kant van die grens voorberei. Eienaars van aangrensende grond kan instem om 'n gemeenskaplike brandstrook weg van die grens te posioneer.”**

**Wegholbrande beweeg baie vinnig deur landskappe en vernietig eiendom, lewensbestaan, biodiversiteit en soms selfs lewens.**

bestryding, brandbestuur en vuurvoorkoming. Lidmaatskap is vrywillig en daar is 'n nominale aansluitingsfooi.

Daar is BBV's regoor Suid-Afrika. Indien daar geen BBV in jou area bestaan nie, nadier jou distriksmunisipaliteit of Boere-unie om hulp. Vir meer inligting oor die Nasionale Velden Bosbrand Wet 101 van 1998 besoek <http://www.daff.gov.za>.

#### Tuis

- Maak seker dat jou huis en geboue beveilig is teen brand.
- Doe 'n jaarlikse evaluering van brandgevaar. Identifiseer die risiko's/bedreigings en wat jy kan doen om dit te verminder.

#### Om-te-doen lys

- Verminder brandstof vragte en vermy onbeheerde besmetting van indringerplante op jou grond.
- Gedurende koeler maande, word beheerde of voorgeskrewe brande soms gebruik en kan die waarskynlikheid van ernstige brande verminder. Beheerde brande moet onder toesig van vuur beheerde owerhede vir regulasies en permitte geskied. Kontak asseblief jou plaaslike munisipaliteit of brandweer.
- Deel jou plan met jou bure en brandbeskermingsbeampte, indien jy een het.
- Maak seker dat jou brandstroke in plek is en dat hulle groot en lank genoeg is om 'n vuur te stop.
- Bespreek brandversekering vir jouself met jou versekeringsmakelaar.
- Maak seker kontaknommers vir Brand- en Reddingsdienste is maklik toeganklik.
- Bly in kontak; hou kommunikasie lyne oop. WhatsApp, SMS of radio's kan gebruik word.
- Bevestig wie verantwoordelik is vir wat. Wanneer 'n brand uitbreek, is daar nie tyd om verantwoordelikhede toe te ken nie; almal moet presies weet wat hulle moet doen. Ontmoet gereeld om procedures te bevestig.

*Artikel verskaf deur Ingrid Marti,  
Vryskut Joernalis. Vir meer inligting, stuur  
'n e-pos na [ingridmarti7@gmail.com](mailto:ingridmarti7@gmail.com).*

# Graan SA gesels met... Thoko Mavimbela



Om 'n plaas te besit, sy besigheid uit te brei, ander boere te help en werkgeleenthede te skep, is Thoko Mavimbela se planne vir die volgende vyf jaar. Die 46-jarige boer is van mening dat al wat jy nodig het om 'n sukses te maak, is om jou hande en jou brein te gebruik.

## Waar en op hoeveel hektaar boer jy? Waarmee boer jy?

Ek boer met mielies en droëbone op 6 ha bewerkbare grond by Oshoek in die Gert Sibande-distrik in Mpumalanga. Hierdie jaar het ek net 1 ha geplant, want ek was bang dat ons droogte kan hê soos verlede jaar. Ek boer ook met braaikuikens, waar ek dagoud kuikens koop, hulle grootmaak en die hoenders verkoop ná agt weke. Ek verkoop ook 'n bietjie gaar hoendervleis. Ek besit 'n spysenieringsonderneming by die Oshoekhek by die Swaziland grens, waar ek kos kook en verkoop aan die mense wat daar werk, asook die wat daagliks oor die grens beweeg.

## Wat motiveer/inspireer jou?

Ek het grootgeword op 'n plaas by Paul Pietensburg waar my ouers geboer het met mielies,

bone, aartappels en 'n bietjie groente.

My pa het ± 260 bokke besit en ek was hulle wagter. Hy het ook meer as 140 koeie en 300 skape besit en ek was ook die skaapskeerder. Ek was dus gemitteer om met braai-kuikens en mielies te boer.

## Beskryf jou sterke en swakpunte

**Sterkpunte:** Ek koop dagoud kuikens en maak hulle groot met behulp van die mielies wat ek oes van my bewerkbare grond.

Ek neem hierdie mielies en meng dit met ander graan om dié braaikuikens te voer. Met my spysenieringsbesigheid bestel ek gewoonlik tussen 200 en 300 dagoud

kuikens, voer hulle vir agt weke en verkoop hulle teen R75 per hoender. Ek kook ook die hoendervleis en verkoop dit by my spysenieringsbesigheid – ek maak tussen R200 en R240 per hoender. Ek ruil ook die mielies wat ek geplant het vir mieliemeel om pap te maak, wat ek ook verkoop. Ek maak ± R9 000 wins na die betaling van alle uitgawes elke maand. Tans besit ek 28 koeie, 40 bokke en 70 hoenders.

**Swakpunte:** Ons grond is baie suur wat geleei het tot 'n baie lae opbrengs.

## Wat was jou oesopbrengs toe jy begin boer het? Wat is jou onderskeie opbrengste nou?

Voordat ons by Graan SA aangesluit het, het ons tussen 20 en 30 sakke/ha geoes. Nadat ons by Graan SA in 2007 aangesluit het, het ons geleidelik verbeter en nou oes ons meer as 100 sakke/ha. Met bone het ons tussen 10 en 15 sakke/ha geoes en nou oes ons tussen 1,5 t/ha en 2 t/ha.

## Wat dink jy was die grootste bydraer tot jou vordering en sukses?

Ek dink wat bygedra het tot my sukses, is die opleiding wat ek ontvang het van Graan SA oor

boerdery met mielies en ander graan op 'n meer professionele en produktiewe wyse. Ek het ook ander kursusse bygewoon wat aangebied is deur DARDLEA, asook ander organisasies.

## Watter opleiding het jy tot op datum ontvang en watter opleiding sou jy nog wou doen?

Ek het die Inleiding tot Mielieproduksie, aangebied deur Graan SA voltooi; Boerderybestuur Vlak 1, aangebied deur DARDLEA; Beroepsgeondheid en Veilige Omgewing, aangebied deur Graan SA, Saailingproduksie aangebied deur DARDLEA; en die Bewerkingsopleiding Kursus deur DARDLEA.

Ek wil graag opleiding in Boerderybestuur, Menslike Hulpbronbestuur, asook Instandhouding van Plaas Masjinerie doen.

## Waar sien jy jouself oor vyf jaar? Wat sou jy graag wou bereik?

Oor vyf jaar wil ek graag 'n plaas besit waar ek kan boer met beide vee en graan. Ek wil ook my besigheid uitbrei deur die verkryging van meer grond sodat ek graan kan plant op 'n groot skaal. Om my eie abattoir te bou is ook deel van my vyfjaar plan – op hierdie manier kan ek ander kleinboere help sodat hulle ook kan ontwikkel en ek sal dus werkgeleenthede skep vir die werkloses.

## Watter raad het jy vir jong aspirant boere?

My raad aan die jong aspirante boere is dat die grond 'n maatskappy is wat nie gesluit sal word nie. Die grond sal altyd daar wees om gebruik te word om gewasse te produseer so lank as wat jy jou brein en jou hande gebruik om te werk. Dit is goed om jou eie besigheid te hê en vir jouself te werk, in teenstelling daarmee om te werk vir iemand anders wat jou eendag sal uitskop. Voordat jy enige boerdery begin, maak seker dat daar 'n mark is vir jou produk.

**Artikel verskaf deur Jerry Mthombothi,  
Ontwikkelingskoördineerder van die  
Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere.  
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na  
[jerry@grainsa.co.za](mailto:jerry@grainsa.co.za).**

# SPANWERK: Verdeel die taak, vermenigvuldig die sukses

**O**m die belangrikheid van spanwerk te beklemtoon, het die Amerikaanse basketbal ster, Michael Jordan gesê: "Talent wen wedstryde, maar spanwerk wen kampioenskappe". Met die spanwerk tussen Graan SA en die Jobs Fund Projek sal die landbou kampioenskap verseker gewen word.

Graan SA is lank reeds verbind tot boereontwikkeling en help voorheen benadeelde boere met die kommersialiseringsproses. Kennis wat oorgedra word deur die studiegroep programme het 'n positiewe impak en het 'n direkte bydrae gelewer tot huishoudelike sekuriteit van bestaansboere. Die mentorskaprogram van boere tydens die kritieke somermaande het 'n groot verskil aan boere se eindresultate gemaak.

## Help boere om hulself te help

Omdat Graan SA van mening is dat die sukses van enige ontwikkelingsprogram direk verband hou met die betrokkenheid en 'n gevoel van eienaarskap deur die begunstigdes, is boere gevra om 'n eie bydrae te maak wat elke jaar verhoog. Volgens Jane McPherson, programbestuurder: Boereontwikkeling, het ervaring geleer dat boere gehelp moet word vir 'n beperkte tydperk en hul eie bydrae elke jaar moet verhoog totdat hulle self die aanplantings kan finansier. "Indien dit nie die geval is nie, neem boere deel terwyl hulle skenkings ontvang en wanneer die skenkings stop, kom die hele poging tot stilstand. Ons wil nie sien dat dit gebeur nie", het sy bygevoeg.

Die boere het oorweldigende resultate in hul mieleoë gesien. Hul sukses het baie belangstelling uitgelok en toenemend meer boere het begin vra om deel van die projek te wees. Groot opwinding het geheers toe die Jobs Fund die kollig op die landbousektor gedraai het. Omdat hul eksklusieve mandaat werkskepping, inkomste generering en armoedevertigting is, is 'n voorstel ingedien om uit te brei op die projek wat Graan SA reeds in werking gestel het.

Ingesluit in die voorstel was 'n paar belangrike elemente soos:

- 'n Individuele boer is deel van die projek vir vier jaar en daarna moet hy/sy voortgaan op sy/haar eie.
- Die aantal boere verhoog met 850 per jaar tot 'n maksimum van 3 400 boere (wat beteken dat in die laaste jaar daar 10 200 ha in produksie sal wees).
- Elke boer sal begin met 1 ha en kan die area verhoog tot 'n maksimum van 10 ha elk.



Mzwayi en Celiwe Zuma staan trots voor die uitstekende stand van hul mielieoeë.



Die broers Mngadi sê hulle voel asof hulle in wit goud lê – verheug oor hulle opbrengs hierdie seisoen!

- Die mentorskap aan boere sal verminder word met 25% per jaar, sodat die boere geleidelik leer om al die aktiwiteite self te doen en die impak van hul aksies te verstaan.

Alle projekte van die Jobs Fund werk op 'n basis van 1:1-befondsing. Hulle sal slegs befondsing ewenaar wat deur ander vennote gestel is. In hierdie geval die kontant deur die boere gedeponeer, tesame met die befondsing van ander vennote van Graan SA, insluitende die afslag wat aangebied word deur die insetverskaffers, wat bereken word as die bydrae van Graan SA wat deur die Jobs Fund geëwenaar is. Die Jobs Fund dra die volle koste van die mentorskap en

help met die tekort in die koste van produksie-insette.

As gevolg van die ongelooflike oeste wat die boere wat deel van hierdie projek vorm, bereik het, het 3 023 nuwe boere wat 4 317 ha bewerk, reeds geteken vir die 2016/2017 seisoen. Graan SA is baie opgewonde om te sien dat boere skielik hoop het vir hul boerderye. Terwyl dit van boere verwag word om 'n finansiële bydrae te maak, word hulle ondersteun met kennis en finansiële hulp, die ware belegging gemaak deur 'n projek soos hierdie is in die individu.

Meer as 3 000 boere wat meer as 4 000 ha grond bewerk, vorm tans deel van hierdie projek.

## Redaksie

### GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Suite 3, Privaatsak X11, Brandhof, 9324  
Collinsstraat 7, Arboretum  
Bloemfontein  
► 08600 47246  
► Faks: 051 430 7574 ▶ [www.grainsa.co.za](http://www.grainsa.co.za)

### HOOFREDAKTEUR

**Jane McPherson**  
► 082 854 7171 ▶ [jane@grainsa.co.za](mailto:jane@grainsa.co.za)

### REDAKTEUR & VERSPREIDING

**Liana Stroebel**  
► 084 264 1422 ▶ [liana@grainsa.co.za](mailto:liana@grainsa.co.za)

### ONTWERP, UITLEG EN DRUK

**Infoworks**  
► 018 468 2716 ▶ [www.infoworks.biz](http://www.infoworks.biz)



### PULA IMVULA IS BESIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:

**Afrikaans,**  
Engels, Tswana, Sesotho,  
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

### Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

#### ONTWIKKLINGSKOÖRDINEERDERS

**Johan Kriel**  
Vrystaat (Ladybrand)  
► 079 497 4294 ▶ [johank@grainsa.co.za](mailto:johank@grainsa.co.za)  
Kantoor: 051 924 1099 ▶ Dimakatso Nyambose

**Jerry Mthombothi**  
Mpumalanga (Nelspruit)  
► 084 604 0549 ▶ [jeremy@grainsa.co.za](mailto:jeremy@grainsa.co.za)  
Kantoor: 013 755 4575 ▶ Nonhlanhla Sithole

**Jurie Mentz**  
Mpumalanga/KwaZulu-Natal (Louwsburg)  
► 082 354 5749 ▶ [jurie@grainsa.co.za](mailto:jurie@grainsa.co.za)  
Kantoor: 034 907 5040 ▶ Sydwell Nkosi

**Graeme Engelbrecht**  
KwaZulu-Natal (Louwsburg)  
► 082 650 9315 ▶ [graeme@grainsa.co.za](mailto:graeme@grainsa.co.za)  
Kantoor: 012 816 8069 ▶ Sydwell Nkosi

**Ian Househam**  
Oos-Kaap (Kokstad)  
► 078 791 1004 ▶ [ian@grainsa.co.za](mailto:ian@grainsa.co.za)  
Kantoor: 039 727 5749 ▶ Luthando Diko

**Liana Stroebel**  
Wes-Kaap (Paarl)  
► 084 264 1422 ▶ [liana@grainsa.co.za](mailto:liana@grainsa.co.za)  
Kantoor: 012 816 8057 ▶ Hailey Ehrenreich

**Du Toit van der Westhuizen**  
Noordwes (Lichtenburg)  
► 082 877 6749 ▶ [dutoit@grainsa.co.za](mailto:dutoit@grainsa.co.za)  
Kantoor: 012 816 8038 ▶ Lebo Mogatlanyane

**Sinelizwi Fakade**  
Mthatha  
► 071 519 4192 ▶ [sinelizwifakade@grainsa.co.za](mailto:sinelizwifakade@grainsa.co.za)  
Kantoor: 012 816 8077 ▶ Cwayita Mpotyi

**Artikels wat deur onafhanklike skrywers geskryf word, is die mening van die skrywer en nie van Graan SA nie.**

## Spanwerk: Verdeel die taak, vermenigvuldig die sukses

Hulle is versprei in die volgende areas:

- **Maclear** – 302 boere op 216 ha
- **Nelspruit** – 394 boere op 408 ha
- **Kokstad** – 549 boere op 545 ha
- **Umtata** – 785 boere op 711 ha
- **Dundee** – 910 boere op 950 ha
- **Louwsberg** – 732 boere op 1 457 ha

Aanvanklik het die boere 25% van die produksiekoste bygedra met die bedryf wat 30% bygedra het (in die vorm van afslag), met die balans vir die insette wat gedra word deur die Jobs Fund. Omdat die persentasie van hul eie bydrae jaarliks sal verhoog, is die einddoel dat teen die vyfde jaar die boer in staat is om te plant sonder enige verdere finansiële ondersteuning en sal gevoldlik 'n onafhanklike boer wees.

Op hierdie manier hoop Graan SA om volhoubare produksie te hê op al die hektare aan die einde van die projek. Die boere sal weet wat om te doen en hulle sal groei en gewoond wees om die koste van die insette te dra. Die potensiaal om die demografie van landbou in Suid-Afrika te verander deur middel van hierdie netwerk van vennootskappe, is groot en opwindend.

### Sukses verhale

Mnr Mzwai en mev Celiwe Zuma van die streek Hlatikulu, het toegang tot 6 ha bewerkbare grond waarop hulle staatmaak om hul familie te ondersteun. Hulle het die Jobs Fund projek in 2015 betree. Voorheen het hulle staatgemaak op tradisionele praktyke, maar deur die opleiding wat hulle ontvang het in die Graan SA Jobs Fund projek, het hulle moderne metodes deur die implementering van geen-bewerking praktyke aangeneem. Voorheen was hulle tevrede met 'n 1,5 t/ha tot 2 t/ha oes. Gedurende die 2015/2016 seisoen het hulle 4,1 t/ha geoes! Behalwe die direkte voordeel van voedselsekuriteit vir die Zuma's as 'n gesin, het hulle ook deeltydse werk vir 15 mense deur die seisoen geskep. Dit was werkliek voedselsekerheid en werkskepping in aksie.

Mnr Inhlanhla Mgadi en sy broer, Thula het betrokke geraak by Graan SA en die Jobs

### DANKIE aan die volgende Jobs Fund vennote:

- Monsanto
- Kynoch
- SA Kalk en Gips
- Syngenta
- Sasol Trust
- Departement van Landelike  
Ontwikkeling en Grondhervorming



**Graan SA se Uitvoerende Hoof,  
Mnr Jannie de Villiers, bring besoek aan sommige  
boere wat reeds deel van hierdie projek vorm.**

Fund projek in 2015. Hulle het toegang tot grond op die oewers van die Boesmansrivier in die Kwa-Dlamini gebied, 30 km vanaf Estcourt. Die broers het 2 ha witmielies deur die projek geplant en 'n uitstekende 11 t/ha geoes. Volgens Gavin Mathews (mentor) het die Mgadi's hul winste direk terug in die Graan SA Jobs Fund projek belê vir die nuwe seisoen en beplan om 8 ha volgende seisoen te plant.

### Uitvoerende Hoof se besoekte aan boere

Gedurende Desember 2016, het mnr Jannie de Villiers (Uitvoerende Hoof van Graan SA) besluit om eerstehands te sien watter verskil hierdie projek maak. "Ons ontvang so baie handgeskrewe bedankingsbriewe van hoe ons betrokkenheid lewens verander, dat ek besluit het om tyd te maak in my skedule om hierdie hardwerkende boere te besoek", het De Villiers gesê.

Vir hom was die hoogtepunte om te sien dat mense besig was om opgehef te word en lewensomstandighede verbeter word. Volgens De Villiers het hierdie projek gehelp om hul skeptisisme oor projekte soos hierdie een te verander. "So dikwels word beloftes aan hierdie boere net leë beloftes, maar nou kan hulle getuig van beloofde insette wat gelewer is en wat gelei het tot verhoogde produksie en natuurlik wins."

Graan SA se doelwit bly kommersiële produksie – hulle probeer nie om boere te verander in kommersiële boere nie, maar om hul lewensomstandighede te verbeter deur hulle toe te rus om hul vaardighede te verbeter.